Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
# NASIENRIGLYN

**TYD: 2 uur**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

**VRAAG 1**

**Nasien van die leesbegrip:**

1. Spelfoute en eenwoord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
2. Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
3. By oop vrae word geen punte toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ ONWAAR of FEIT / MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/ MENING en 1 punt vir die rede motivering / aanhaling.
   As die leerder se WAAR / ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
   As die leerder se WAAR / ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
5. Geen penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word ŉ aanhaling gevra.
6. Waar eenwoord-antwoord gevra word en die leerder ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
7. Wanneer twee of drie feite / punte vereis word en die leerder gee ŉ hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite / punte nagesien.
8. Indien die leerder woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
9. Aanvaar dialektiese variasies.
10. By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A: LEESBEGRIP** | | | |
| | | | |
| **VRAAG 1** | | | |
| | | | |
| **TEKS A: KOERANTARTIKEL** | | | |
| | | | |
| **VR.** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **DENK-VLAK** |
| 1.1 | unieke | (1) | 1 |
| 1.2 | water | (1) | 1 |
| 1.3 | Berge, gesteentes (Enige 1) | (1) | 2 |
| 1.4 | Waar. verbrokkel | (1) | 2 |
| 1.5 | Kook, was, vuur blus, verhitting, behandeling van siektes. (Enige 2) | (2) | 1 |
| 1.6 | blus | (1) | 1 |
| 1.7 | Goeie oplosmiddel van vuiligheid | (1) | 2 |
| 1.8 | feit | (1) | 2 |
| 1.9 | Water in die liggaam van plant en dier maak dat die temperatuur van die plant en dier nie te hoog styg as dit warm is of te ver daal as dit koud is nie. | (1) | 1 |
| 1.10 | Ys is ligter as water / het laer digtheid. | (1) | 1 |
| 1.11 | Daar sal geen of min lewe op aarde wees. | (1) | 2 |
| 1.12 | Reuk, smaak, kleur en deursigtig (Enige 1) (leerder se respons met verduideliking) | (2) | 3 |
| 1.13 | Besoedel nie die hulpbronne nie. | (1) | 3 |
| | | **[15]** | |
| | | | |
| **TEKS B: GRAFIEK** | | | |
| | | | |
| 1.14 | Opwekking van krag | (1) | 1 |
| 1.15 | Bespoeiing van landbou | (1) | 1 |
| 1.16 | Leerder se respons bv. fabrieke ens. | (1) | 2 |
| 1.17 | Leerder se respons bv. spoel van toilet | (1) | 2 |
| 1.18 | Departement van Waterwese | (1) | 1 |
| | | **[5]** | |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **20** | |

## AFDELING B: TAAL IN KONTEKS

## VRAAG 2

**ASSESSERINGSRIGLYNE**
**WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.

Die standaardvariant geld.

**SINSTRUKTURE**

- Die "ge-" moet as een woord met die werkwoord geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streektaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

| **VRAAG 2** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| **TEKS C: ADVERTENSIE** | | | | |
| | | | | |
| **VR.** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **ASSESSERING** | **DENK-VLAK** |
| 2.1 | Foto's √ | (1) | Korrekte gebruik van spelling | 1 |
| 2.2 | Wen/ner √ | (1) | Toets van spelling en lettergrepe | 1 |
| 2.3 | by √ | (1) | Gebruik van die korrekte voorsetsel | 1 |
| 2.4 | Mrt √ | (1) | Korrete gebruik van afkorting | 1 |
| 2.5 | spesiale √ | (1) | Korrekte byvoeglike naamwoord attributief gebruik. | 2 |
| 2.6 | Samestelling van getal met snw. √ | (1) | Spelreëls word getoets | 3 |
| 2.7 | druppeltjie √ | (1) | Gebruik verkleinwoord korrek | 1 |
| 2.8 | Woorde word in drukskrif of hoofletters geskryf.<br>In swart geskryf (enige een) √ | (1) | Herkenning van advertensie-tegnieke | 3 |

Kopiereg voorbehou

| TEKS D: KOERANTARTIKEL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| **VR.** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **ASSESSERING** | **DENK-VLAK** |
| 2.9 | Rapport sê dat Dag Zero hier is om te bly. √ | (1) | Gebruik van indirekte rede saam met infinitief | 3 |
| 2.10 | Die hele Suid-Afrika sal op Dag Zero afstuur. √ | (1) | Gebruik toekomende tyd korrek ww gekoppel met voorsetsel | 2 |
| 2.11 | Suid-Afrikaners √ | (1) | Gebruik van persoonsvorm korrek en spelling | 1 |
| 2.12 | A / nuutskepping √ | (1) | Korrekte taalverskynsels | 3 |
| 2.13 | ongelukkig √ | (1) | Gebruik antoniem korrek en spelling | 1 |
| 2.14 | Regering √ of regeerder √ | (1) | Korrekte vorm van woord met gebruik van postmorfeem | 2 |
| 2.15 | Hoeveel water per dag gebruik Plelisa? √ | (1) | Gebruik vraagsinne korrek. vraagwoord **hoeveel** begin die vraag met **vraagteke**n aan die einde van die sin | 2 |
| 2.16 | Gister het sy dit met haar man en kinders gedeel. √ | (1) | Gebruik verlede tyd korrek. (werkwoord skuif na einde van sin en deel kry 'n ge= gedeel) | 2 |
| 2.17 | Hulle behoort water vir was, kook en skottelgoed was te gebruik. √ | (1) | Gebruik infinitief korrek | 2 |
| 2.18 | Reënwater word deur hulle opgevang. √ | (1) | Gebruik lydende vorm met teenwoordige tyd korrek | 2 |
| 2.19 | daagliks √ | (1) | Gebruik van woordeskat | 2 |
| 2.20 | Bespaar water omdat elke druppel kosbaar is. √ | (1) | Gebruik voegwoord korrek. Groep 3 reël toegepas | 2 |
| 2.21 | Plelisa Tafeni gebruik elke dag 20 liter water in haar huis. √ | (1) | Gebruik van korrekte woordorde | 2 |
| 2.22 | Nee, niemand is bekommerd oor Dag Zero nie./ Nee, nie almal is bekommerd oor Dag Zero nie. (Nee MOET daar wees om punt te verdien.) √ | (2) | Gebruik negatief korrek | 2 |
| | | **[15]** | | |

| **TEKS E: PRENTE** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| **VR.** | **ANTWOORD** | **PUNT** | **ASSESSERING** | **DENK-VLAK** |
| 2.23 | denotatief √<br>Sy was haar met ’n duif/voël. √ | (2) | Gebruik van letterlike en figuurlike betekenis | 2 |
| 2.24 | Duif √ | (1) | Gebruik van vertaling korrek | 1 |
| 2.25 | Leerder se respons bv. kwaad/ geskok √ | (1) | Interpretasie van prent | |
| 2.26 | skreeusnaaks √ **OF**<br>skreesnaaks √ | (1) | Gebruik van korrekte intensiewe vorm en spelling | 1 |
| 2.27 | Badkamer √ | (1) | Herkenning van vertrekke in die huis | 1 |
| 2.28 | honde en katte (MOET in meervoudvorm wees √ | (1) | Gebruik van idiome korrek | 3 |
| | | **[7]** | | |
| | | | | |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | | | **30** |

## AFDELING C: OPSOMMING

**VRAAG 3: BESPAAR SO WATER!**
Met waterbeperkings wat oral ingestel is, het elke druppel kosbaar geraak.

**ASSESSERINGSRIGLYNE**
**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om ’n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk / beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien ’n poging in potlood aangewend word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. ’n Opsomming in die verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING).
- Indien die opsomming te KORT is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie ’n Titel te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. ’n Volsin het ’n werkwoord / werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s = 3 woorde.
- Kandidate MOET die KORREKTE getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is en die kandidate het nie die korrekte getal aangedui nie. ( Sien PUNTETOEKENNING).
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

## PUNTETOEKENNING

| ALGEMEEN | PUNTE |
|---|---|
| - Feite | 7 |
| - Taal | 3 |

| TAAL | PUNTE |
|---|---|
| 1 – 3 Feite korrek | 1 |
| 1 – 5 Feite korrek | 2 |
| 1 – 7 Feite korrek | 3 |

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER( horisontaal of vertikaal)

| | |
|---|---|
| **F** | **7** |
| **T** | **<u>3</u>** |
| | **10** |

**LET WEL:**

**Formaat:**

- Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling:**

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidaat se opsomming te lank is (meer as 60 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 60), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

**TEKS F**

**AANHALINGS / MOONTLIKE VERWERKING**

**BESPAAR SO WATER!**
**Met waterbeperkings wat oral ingestel is, het elke druppel kosbaar geraak**

1. Draai die kraan toe wanneer jy tande borsel.
2. Maak seker dat krane nie drup of lek nie.
3. Vang die koue water in ’n emmer.
4. Sit emmers onder die geute.
5. Plaas ’n 1 liter-plastiekbottel vol water met sand in die spoelbak van die toilet.
6. Stort baie vinnig.
7. Gebruik ’n emmer om die motor te was.

**TOTAAL AFDELING C (10 ÷ 2): 5**
**GROOTTOTAAL: 60**

Kopiereg voorbehou